ecsponent
Belê met die tye

ecsponuus

Nuusbrief | Augustus **2016**

Innovasie lei tot groei

"Klein ondernemings is die spierkrag van die ekonomie".

In die Suid-Afrikaanse finansiële sektor is daar volop potensiaal vir vindingryke entrepreneurs en beleggers wat geleenthede kan identifiseer.

Die kuns is nie net om die behoefte in die mark raak te sien nie, maar om die oplossing in die vorm van 'n volhoubare produk te bied.

Die reaksie van nuwe en onkonvensionele produkte het gevestigde markte al positief beïnvloed en verander. Dink maar aan die invloed van die Outbonus op die korttermynversekringsbedryf, of dan selfs Ecsponent se gebruik van voorkeuraandele om stabiele groei te lewer.

Daar is natuurlik altyd mense wat waarsku teen nuwe denkwyses en maan: "Bly liewer by die groot bekende maatskappye, want daar is jou geld veilig."

Tog het Dr. Anton Rupert, stigter van die Rembrandt Groep, 35 jaar gelede reeds gesê klein onderneming is die spierkrag van die ekonomie en dit is die entrepreneur se inisiatief, skeppende denke, ambisie en deursettingsvermoë wat die sukses van die onderneming verseker.

'n Kleiner onderneming is vindingryk, buigsaam en neem vinniger besluite. 'n Groot gevestigde maatskappy het dikwels soos die staatsdiens, lang kommunikasiekanale en trae besluitneming.

Onthou dat reuse hoofkantore, uitgebreide streekkantore en wye administrasie groot koste behels wat natuurlik van die kliënte verhaal word.

In 'n onlangse artikel van Moneyweb oor die koste van 'n groot versekeraar se annuïteite, is daar getoon dat in diè geval, koste van 3.89% per jaar verhaal is. Hul voorbeeld was 'n maandelikse annuïteit van R1 500 waarvan die premie met 10% per jaar vir 40 jaar groei. Ná 40 jaar sal die produk R19 355 563 uitbetaal met koste. As geen koste verhaal is nie, sou die belegger R41 458 189 ontvang het.

Ecsponent mag dalk nog 'n nuwe naam in die finansiële dienste sektor wees, maar het reeds 'n mededingende voorsprong deur innoverende produkte teen 'n lae koste, of selfs kostevry aan beleggers beskikbaar te stel.

Op versoek van beleggers gaan ons binnekort ons beleggingsreeks uitbrei om onder meer annuïteite, lewende annuïteite en, sambreel-pensioenfondse op dieselfde koste-effektiewe basis aan te bied.

Ecsponent stuit nie om die reëlboek van konvensionaliteit weg te gooi of af te wyk van gevestigde patrone nie. Juis daarom gaan die beleggingsopsies ook enig in hul soort wees.

Hou ons dop!

Suid Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100 • Acacia House, Green Hill Village Office Park, H/v Botterklapper en Nentabos Straat (Lynnwood Straat), Pretoria
Swaziland: swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland
Botswana: botswana@ecsponent.com • + 267 391 8756 • 6th Floor, Exponential Building, Plot 54351, New CBD, Gaborone, Botswana

Alle inhoud is vir inligtingsdoeleindes en moet nie as finansiële advies aanvaar word nie.

Is vroue beter beleggers?

Augustus is Vroue-maand en Ecsponent wil sien dat meer vroue geldmeesters word. Nie net toon statistiek dat hulle mans telkens klop as dit by beleggingsbesluite kom nie, maar meer belangrik, as die gom wat ons samelewing bymekaar hou, moet ons vroue bemagtig om finansieel onafhanklik te wees.

Navorsing deur Galileo toon dat vroue wêreldwyd beheer uitoefen oor bykans $20 triljoen se besteding. En tog in Suid Afrika is dit vir slegs 17% van vroue belangrik om te belê vir hul toekoms. Wat maak vrouens effektiewe beleggers en waarom belê vroue nie selfs meer nie?

Fokus op langtermyndoelwitte

Vroue sien geld in 'n breër konteks en verbind dit volgens Credit Suise met sekuriteit, onafhanklikheid en die lewensgehalte van hul gesinne. Hulle fokus ook op 'n langtermyndoelwit soos om vir hul kinders se studies te spaar. Mans, daarenteen, neig om mededingend te wees, voortdurend hul opbrengste te vergelyk en op die korttermyn prestasie van hul belegging te fokus. Hulle dink aan geld as 'n stroom wat in– en uitvloei terwyl vroue geld as 'n "poel" sien.

Besin oor beleggings

Daar is bevind vroue neem meer tyd om beleggingsgeleenthede te ondersoek voor hulle enige besluite neem. Hulle het meer geduld, terwyl mans neig om impulsief te wees en die mark te probeer voorspel. Daarby hou vroue daarvan om in groepe meer oor finansies te leer, terwyl mans dit op hul eie doen. Boonop presteer vroue-beleggingsgroepe ook 4.6% beter as manlike groepe. Hulle is meer sistematies met hul navorsing, vra meer vrae en wil die belegging verstaan.

Soek makliker hulp

Soos met aanwysings, vra vroue makliker hulp. Hulle neem meer tyd van adviseurs in beslag, maar sodra vertroue ingeboesem is, sal hulle meer lojale kliënte wees en die verhouding op die langtermyn handhaaf. Mans sal minder van adviseurs gebruik maak en dikwels hul eie kop volg.

Hantering van risiko

Vroue het 'n laer aptyt vir risiko as mans. Net 31% van vroue is bereid om hoër risiko met hul beleggings te neem, vergeleke met 48% van mans, aldus Barclays. Net meer as 70% van vroue beskou hulself ook eerder as spaarders pleks van beleggers.
Dit is bewys dat mans se hoër vlakke van testosteroon hulle meer risiko laat neem. Daardie hormoonvlakke neem toe by mans wanneer hulle suksesvol belê en dit verlaag hul vrees vir risiko.

Warren Buffet, een van die beste beleggers ter wêreld, sê egter sy sukses lê daarin dat hy "soos 'n vrou belê". Volgens Buffet is dit nie intellek nie, maar temperament wat langtermyn beleggingsgroei verseker en daarom is hy, nes die meeste vroulike beleggers, versigtig, volg nie die kudde nie en hou by sy beleggingsbesluite, ongeag markskommelinge. Hy neem risiko, maar dobbel nooit nie.

Meer emosioneel

Meeste vroue ervaar emosie meer intens as mans en hulle onthou dit langer. As 'n vrou 'n riskante belegging gemaak het, sal sy dit langer onthou en meer versigtig wees wanneer sy weer belê. Mans, daarenteen, glo hulle het genoeg kennis en agtergrond en sal gouer 'n kans waag.

Selfvertroue en selfbeheersing

Navorsing toon dat mans 'n oormaat van selfvertroue en selfbeheersing toon as dit by beleggingsbesluite kom, teenoor vroue wat spanning ervaar terwyl hulle die besluite moet neem, sê prof Terrance Odean van die Universiteit van Kalifornië. Daarom verkies vroue om by hul beleggingsplan te hou, terwyl mans nie maklik uit hul foute leer nie en 45% meer aan hul portefeuljes verander as vroue.

Wat is die uitdagings?

Wêreldwyd is dit bekend dat vroue egter moeiliker vir hul aftrede spaar as mans. Hulle stel belegging uit en verloor meer geld deur glad nie te belê nie, as wat met verkeerde aandelebeleggings verloor word.

Vroue is geneig om eers te fokus op die behoeftes van hul gesinne en geliefdes, terwyl dit vir mans belangriker is om hul "lewensgehalte ná aftrede te behou." Die feit dat menige vroue (tot 56% van stedelike werkende ma's) finansieel verantwoordelik is vir hul kinders, met min of geen ondersteuning van hul pa's dra ook by tot hierdie tendens. Vroue sukkel dus om 'n balans tussen gesinsverpligtinge en persoonlike finansies te behou.

Vroue verdien in die algemeen ook minder en kan dus minder spaar. Dit is gedeeltelik omdat vroue tot twaalf jaar lank ophou werk om kinders groot te maak en dan teen 'n laer vergoeding weer begin werk om verlore jare in te haal.

Die gevolg is dat hulle dan dikwels langer moet aanhou werk en meer moet spaar om onafhanklik te kan aftree. Verder leef vroue gemiddeld vyf jaar langer as mans en moet dus nagenoeg 15% meer as mans vir hulle aftrede spaar.

Colette Dowling, 'n Amerikaanse sielkundige, sê baie vroue ly nog aan die Aspoestertjie-kompleks, die onderbewuste behoefte om versorg te word en die geloof dat 'n ridder op 'n wit perd sal opdaag om hulle geldelik te red.

Die realiteit is dat tussen 85-90% van vroue op 'n stadium finansieel op hulself aangewese sal wees - deur nooit te trou nie, egskeiding of die dood van 'n eggenote. Dit is waarom finansiële beplanning so noodsaaklik is.

Vroue moet veral waak teen oorversigtigheid en seker maak dat hul opbrengste minstens inflasie klop en verdere groei verseker. Dieselfde dissipline wat hulle gebruik om toegewyd te spaar kan ook verseker dat hulle gereeld belê.

By Ecsponent wil ons die ma's en ander vroue bemagtig met deurlopende stabiele groei, en meer belangrik, inligting en advies wat hul finansiële onafhanklikheid bevorder.

Hou ons blog, www.ecsponent.com/blog dop vir meer inligting en advies om vroue finansieël te bemagtig in Augustus.